Sponsored by JOCK AFGRI ANIMAL FEEDS VEEVOERE Geborg deur

Nuus uit die SABT-Raad

SABT • SABBA

Bron: SABT Raad
Datum: 2 Junie 2011

Nuwe Raadslid vir Gauteng

Johan van Wyk is as nuwe Raadslid vir Gauteng aangewys nadat Louis Botha bedank het. Die SABT bedank Louis vir sy diens en verwelkom Johan terug as ampsdraer. Johan het die SABT oor die jare reeds in vele hoedanighede gedien - onder meer as Voorsitter, Raadslid en Senior Keurder. Die SABT sal weer eens baie baat vind by sy uitgebreide kennis van die Vereniging asook die Boerboel. Kontak Johan by 082 890 8887 of graslandboerboel@mweb.co.za.

Die posisie vir 'n Raadslid vir Mpumalanga sal nie in hierdie stadium gevul word nie. Marius Kotzé (Limpopo), het ingestem om intussen die skakelpersoon te wees. Hy kan bereik word by 084 620 3008 of by boerboels @vodamail.co.za.

Die kontakbesonderhede van al die ander Raadslede is op die SABT-webtuiste beskikbaar. Hulle is verkies om u te verteenwoordig en kan oor enige SABT- of Boerboelaangeleentheid genader word.

Toegang tot die SABT-databasis

Een van die nuwe dienste wat hierdie jaar vir lede ingestel is, is toegang tot die SABT se databasis. Ons is daarvan bewus dat sommige lede probleme met die aantekenfasiliteit ondervind en vra asseblief begrip in hierdie verband. Die integrasie van nuwe en ou sisteme is 'n projek onder hande en u terugvoer hieromtrent is baie waardevol. Kontak Alan Pittam met voorstelle en kommentaar; die Webmeester oor tegniese probleme; en die SABT-kantoor oor veranderinge en byvoegings.

Lede formeel vervolg oor die afsit van sterte

Twee SABT-lede Beverli en Dana Steenkamp, is formeel aangekla ingevolge die Dierebeskermingswet omdat hulle hul honde se sterte afgesit het. Die Raad ag dit in die belang van die Boerboelgemeenskap om hulle met die regsonkoste te help. Die SABT wil ook 'n fonds vir die veldtog *pro* die afsit van sterte op die been bring. Raadslid Koos van der Westhuizen (Noord-Kaap), sal hierdie projek bestuur. Besonderhede volg eersdaags, maar belangstellendes kan met hom in verbinding tree by 082 495 6735 of e-pos by mpos@hantam.co.za.

Mikroskyfies en DNS-toetsing

Daar was gemengde reaksie van lede op die SABT-raadsbesluit om nie in hierdie stadium 'n verpligting op mikroskyfies en DNS-toetsing te plaas nie. Die Raad glo dat al die implikasies en die verwagte uitkomste nie in ag geneem is toe die AJV besluit het om dit afdwingbaar te maak nie. Dr. Cindy Harper van Onderstepoort stem saam dat die seleksie vir DNS-toetsing 'n belangrike oorweging in die bepaling van rasegtheid is.

Die Genetikakomitee sal nou, as 'n middeweg, aan die Raad voorstel dat DNS-toetse slegs vir honde op die Stoetregister verpligtend moet wees. Intussen ondersoek die Komitee bekostigbare opsies vir DNS-toetsing en die aanbring van mikroskyfies, bv. deur dié dienste by keuringspunte deur veeartslede van die SA Veterinêre Vereniging aan te bied.

2010 Top 100 Boerboele bekend

Die lys van die Boerboele wat tydens keurings in 2010 onder die Top 100 was, is nou op die SABT-webtuiste. Baie geluk ook in die besonder aan die eienaars van die Top 10 (foto's).

Die *Top 5 Reuns* is: Balkan Toro 94,5% (Nick Iliev, Ohio, VSA); Monarch Jordan 94,2% (Terrence Alexander, Michigan, VSA); Targus Pocket Money 2 Caberet 93,8% (Lood Mienie, Potchefstroom, SA); Middelpos Backdraft at Ishmael 93,1% (Gillian Kent, IZO, Kanada); Groot Trek Koning Riaan 92,6% (Terry Magee, Florida, VSA). Die *Top 5 (6) Tewe* is: Great Lakes Mango 94,6% (Lukas van Vuuren, Heilbron, SA); Balkan Fiona 93,4% (Nick Iliev, Ohio, VSA); Spitsvuur Deeg 93,3% (Lukas van Vuuren, Heilbron, SA); Oak View Panda 93,1% (Erich Gramlee, Missouri, VSA); Afrika Kara 92,9% (Karlien Greeff, Pretoria, SA); Mighty Xena 92,9% (René Botha, Pretoria, SA).

Die opgedateerde SABT Stoetregister is ook beskikbaar. Daar is nou 160 reuns en 174 tewe op hierdie register. Stel die Kantoor asseblief in kennis van name wat van die aktiewe lys verwyder kan word (bv. honde wat dood is of nie meer vir teeldoeleindes gebruik word nie).

Maak solank reg vir die 2011 SABT-skoue

Daar gaan ‘n paar opwindende toevoegings tot die SABT-skoue in 2011 wees. Die organiseerders mag onder meer die volgende oorweeg: ‘n *Vet-raneklas* vir honde ouer as 5 jaar; ‘n *Familieklas* (reun of teef saam met twee generasies van hulle nageslag); asook ‘n toekenning vir die *Beste Hond van die Dag*. Nog ‘n nuwe idee wat vir die Nasionale Skou oorweeg word, is ‘n *Dekkingsveiling*. Skenkers, sowel as ontvangers, kan voor die tyd genomineer word en hulle nageslag sal by toekomstige skoue in ‘n *Prestasieklas* beoordeel word.

Die registrasiegeld per hond is R150 vir streekskoue en R200 vir die Nasionale Skou. Die voorlopige datums van die skoue is:

- 30 April: Oos- Londen, Oos-Kaap (sien 2011 Streekskou-uitslae).
- 2 Julie: Kirkwood, Oos-Kaap (saam met die Kirkwood Wildsfees).
- 27 Augustus: Uitenhage, Oos-Kaap.
- 10 September: Brackenfell, Wes-Kaap.
- 17 September: *Plek sal bevestig word*, KwaZulu-Natal.
- 24 September: Potchefstroom, Noordwes.
- 24 September: *Plek sal bevestig word*, Vrystaat.
- November: Nasionale Skou. *Datum volg.* Pretoria, Gauteng.

2011 Ledegeld en tariewe

In die vorige uitgawe is aangekondig dat uitstel vir die hernuwing van ledegeld tot einde April toegestaan is. Die SABT se finansies is onder druk. Dit is onbillik dat mense wat nie hulle verpligtinge nakom nie, deur diegene wat hulle ledegeld wel betaal gesubsideer word. Die Kantoor het opdrag gekry dat GEEN diens aan niebetalers gelewer mag word nie en om ook nie hulle keuringuitslae bekend te maak nie.

Ledegeld en tariewe vir dienste in Suid-Afrika vanaf 1 Julie:

- Ledegeld: R400.
- Geboortekennisgewing: 1-4 maande - R120; 5-6 maande - R200; na 6 maande - R300.
- Keuringsgeld: Lid - R100. Nielid - R400.
- Ontwikkelingsregister: Lid - R150. Nielid – R400.